**Huiswerkvel 34 (Hoofstuk 17)**

**Vraag 1**

Lees weer die verhaal, "Genade vir almal", op bl. 185 van die Leerdersboek en beantwoord daarna die onderstaande vrae.

1.1 Verduidelik die volgende begrippe:
1.1.1 ironie
1.1.2 tema
1.1.3 ruimte
1.1.4 tyd (4)

1.2 Watter tipe verhaal is "Genade vir almal"? (1)

1.3 Wat doen die volgende persone?
1.3.1 bakker
1.3.2 slagter
1.3.3 boer
1.3.4 handelaar (4)

1.4 Watter woord beskryf iemand wat nie kan praat nie? (1)
1.5 Wat gebeur by ’n melkery? (1)
1.6 Dink jy Jack moes elke keer na sy ma geluister het? Motiveer. (1)
1.7 Wat is die les wat jy uit die verhaal leer? (1)
1.8 Wat is graffiti? (1)

**Vraag 2**

2.1 Skryf die onderstaande sin oor en maak die spelfoute daarin reg.
*Grafiti is ’n kunsform, mar word nie deur amal waardeur nie.* (5)

2.2 Gebruik ’n woordeboek om die betekenis van die volgende woorde te verklaar:
2.2.1 verdienste
2.2.2 woedend
2.2.3 onbruikbaar
2.2.4 moedeloos
2.2.5 spektakel (5)

2.3 Kies die woord tussen hakies wat die sin korrek sal voltooi:
2.3.1 Die pa is (verslae/ontslae) dat sy dogter uiteindelik kan praat. (1)
2.3.2 Jack se ma was (ontmoedig/moedeloos) omdat hy so dom was. (1)

2.4 Skryf die korrekte vorm van die woord tussen hakies neer:
2.4.1 Die brug is (hoog) as die pad. (1)
2.4.2 Jack neem die (leeg) sak by sy ma. (1)

2.5 Beantwoord die volgende vrae:
2.5.1 Gee die teenoorgestelde betekenis van *lui*. (1)
2.5.2 Gee ’n homofoon vir *ryk* en gebruik dit dan in ’n sin sodat die betekenis daarvan duidelik blyk. (2)
2.5.3 Gee die meervoud en verkleinwoord vir *betaling*. (2)
2.5.4 Gee die intensiewe vorm van *lag*. (1)
2.5.5 Wat is die antoniem van *pessimis*. (1)

**Totaal: 35 punte**

Hierdie bladsy mag gekopieer word.